www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

| Centre Number | Candidate Number | Name |
|---|---|---|
| | | |

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01, 0556/01**

Paper 1 Reading and Writing

October/November 2004

**1 hour 30 minutes**

Candidates answer on the Question Paper.
No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen in the spaces provided on the Question Paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

If you have been given a label, look at the details. If any details are incorrect or missing, please fill in your correct details in the space given at the top of this page.

Stick your personal label here, if provided.

| For Examiner's Use | |
|---|---|
| **Part 1** | |
| **Part 2** | |
| **Part 3** | |
| **TOTAL** | |

This document consists of **15** printed pages and **1** blank page.

UNIVERSITY of CAMBRIDGE

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



## Afdeling 1

**Oefening 1: Vrae 1–5**

Kyk na die advertensie van 'n koerant en beantwoord vrae 1–5 deur middel van soekless.



www.xtrapapers.com



www.PapaCambridge.com

For Examiner's Use

1 Wat is die naam van die koerant wat hier adverteer word?

..............................................................................................................................[

2 Watter woord in die advertensie beteken dieselfde as 'koffie'?

..............................................................................................................................[1]

3 Hoeveel addisionele bylae het hierdie koerant?

..............................................................................................................................[1]

4 Watter telefoonnommer moet jy skakel as jy op die koerant wil inteken?

..............................................................................................................................[1]

5 Watter bylaag in hierdie koerant sal vir 'n besigheidsman die belangrikste wees?

..............................................................................................................................[1]

[Totaal : 5]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 2: Vrae 6–10**

Kyk na die advertensie oor 'Pour-On' en beantwoord vrae 6–10.




6 Wanneer sal jy 'Pour-On' koop?

.......................................................................................................................................[1]

7 Skryf 'n woord uit die advertensie neer wat wys dat 'n hond bly sal wees oor 'Pour-On'.

.......................................................................................................................................[1]

8 Wat is 'ou Pote'?

.......................................................................................................................................[1]

9 Wat kan jy doen, volgens die advertensie, as jy nie 'Pour-On' by die winkel te koop kan kry nie?

.......................................................................................................................................[1]

10 Skryf slegs die woord neer wat wys dat 'Pour-On' nie regtig 'n halsband is nie.

.......................................................................................................................................[1]

[Totaal : 5]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



For Examiner's Use

**Oefening 3: Vrae 11–13**

Lees die volgende oor die reiskitaar en beantwoord vrae 11–13.



# Hier's die reiskitaar

DIE mondfluitjie was lank die enigste instrument wat klein genoeg was om in 'n rugsak te pas as die reislus 'n mens gepak het.

Maar nou het die Martin Guitar Company die Backpacker geskep vir daardie aande om die vuur wanneer almal met heimwee in hul oë na die vlamme staar.

Die groep, wat sedert 1833 kitare maak, sê die Backpacker is die kleinste kitaar nog. Dit weeg skaars 1 kg, is so draagbaar dat dit al saam met die Space Shuttle die ruimte in is, die berg Everest se kruin gesien en die koue van die Noord- en Suidpool gevoel het!

Hoewel die vervaardigers nie seker was of almal wat die rugsak-kitaar gaan inpak sulke uitputtende reise gaan onderneem nie, het hulle seker gemaak hy is van sterk mahonie gemaak.

Volgens hulle is die gehalte van die klank net so goed soos dié van 'n gewone kitaar.

Vir R4 600 is dit nie sommer 'n speelding nie, maar wees verseker dat dit een van die mees bereisde klanke in die wêreld gaan word. □

**11** Watter **twee** musiekinstrumente word in hierdie leesstuk genoem?

.......................................................................................................................................[1]

**12** Verduidelik waarom jy dink "Backpacker" is so 'n goeie en gepaste naam vir hierdie kitaartjie.

.......................................................................................................................................[2]

**13** Noem twee verskillende plekke waarheen hierdie instrument al saamgeneem is.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[2]

[Totaal : 5]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



## Afdeling 2

**Oefening 1: Vrae 14–17**

Lees die onderstaande verhaal en beantwoord vrae 14–17.

# Spookstorie

## Die vrou in die mis

*Het Ben regtig 'n spook gesien? Hy vertel daarvan en van die vreemde vrou in die mis.*

Ben moes 'n pap band langs die pad vervang en dit het hom erg vertraag. Daarby was die mis ook so dig. Gelukkig kon hy darem nog die pad sien.
'n Beweging in die pad het hom rem laat trap nog voordat hy in die motorligte sien dit is 'n vrou; blykbaar 'n haastige vrou, want sy het kort-kort na 'n drafstappie oorgeslaan.
Ben ry tot langs haar. "Aardetjie, juffrou, waar loop jy so laat rond?"
"Ek het die laaste bus verpas, want ons moes oortyd werk," sê sy.
"Nou, klim in; ek vat jou gou huis toe."
"Ag, dankie tog. Al is dit net tot waar die straatligte nie meer so yl is nie." Sy het 'n aangename, heserige stem. Ben besluit hy gaan haar voor haar deur aflaai.
Die adres wat sy verskaf, is nie ver uit sy pad nie en hulle gesels 'n bietjie voordat Ben voor die huis se hekkie stilhou. Hy wag totdat sy die voordeur met 'n laaste wuif toestoot en ry huis toe.
Gedurende die volgende twee dae moet hy hom bedwing om nie terug te ry en haar te gaan haal om saam met hom koffie te gaan drink nie. Sy het wel gesê 'enige aand', maar hy wil nie te oorgretig lyk nie.
Maar die derde aand na hul ontmoeting staan hy op die stoep en klop aan die deur. Na sy tweede klop word die deur deur 'n ouerige vrou oopgemaak.
"Naand, Mevrou, is Lettie al tuis?"
Die vrou staar hom aan voordat sy saggies sê: "Hier woon nie so iemand nie."
Ben kyk rond. Hy is doodseker hy het haar daar sien ingaan.
"Mevrou, ek verstaan nie mooi nie; ek het haar nou die aand, toe sy haar bus verpas het, hier afgelaai. Ek het daar in die straat gewag totdat sy veilig in die huis was voordat ek gery het."
Die deur, wat al halfpad toe was, gaan weer oop. "Meneer, Lettie woon nie meer hier nie." Die vrou se stem is nou nog sagter. "Lettie het tien jaar gelede gesterf toe 'n motor haar laat een aand op die Koebergbrug raakgery het."

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com



For Examiner's Use

**14** Noem twee redes waarom Ben laat was.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

**15** Hoe het Ben geweet dat die vrou langs die pad haastig was?

..........................................................................................................................................[1]

**16** Wat was die rede waarom sy so laat in die aand te voet was?

..........................................................................................................................................[2]

**17** Hoe weet ons Ben het van die meisie gehou en sou haar graag weer wou sien?

..........................................................................................................................................[1]

[Totaal : 6]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 2: Vraag 18**

Lees die volgende artikel oor babelas.

# BABELAS: DIE REDES

Jy sluit na werk by vriende aan vir ‘n paar drankies. Of jy nou ‘n yskoue bier afsluk of eksotiese en kleurvolle brousels met sambreeltjies en simpel name drink, mag jy môreoggend opstaan en voel asof jy ‘n tennisbal is by die Franse Ope. Hier’s hoekom:

‘n Paar drankies mag help met sosiale interaksie en dit lekkerder maak om jou kos af te sluk, maar drinksessies wat langer as ‘n paar uur duur, kan erge gevolge inhou. Alkohol se eerste teiken is die sentrale senuweestelsel wat jou noodsaaklikste liggaamsfunksies beheer, insluitend jou spraak. Dit is hoekom dit moeilik is om iemand se telefoonnommer te vra na ses tequilas.

Alkohol meng in met die sentrale senuweestelsel se vermoë om die boodskappe van jou sintuie te analiseer wat klassieke simptome tot gevolg het: slordige uitspraak, wanbalans, sweet en, natuurlik, die verlies van inhibisies. Die skielike drang om op tafels te dans, te gaan swem in die middel van die winter en uit volle bors te sing, is die gevolg van alkohol se aanslag op die frontale korteks, die deel van die brein wat denke beheer.

Alkohol is ‘n kragtige urineermiddel wat veroorsaak dat jou niere vloeistof na jou blaas pomp. As gevolg daarvan ontwater jy en dit lei tot die babelassindroom wat rugbyliefhebbers op ‘n Sondagoggend voel. ‘n Lus vir koolhidrate na ‘n aand van diep in die bottel kyk, is die gevolg van alkohol se effek op jou bloedsuikervlakke. Jou liggaam reageer op die hoë vlakke glukose wat in die meeste soorte alkohol voorkom deur insulien te vervaardig wat die glukose kan beheer. Wanneer glukosevlakke laag is, voel jy bewerig en moeg, terwyl jy baie sweet en lus is vir kos met koolhidrate.

Jy mag ook voel dat jy goed slaap na ‘n paar drankies, maar daar is bewyse dat alkohol met jou slaappatrone inmeng. Al raak jy aan die slaap sodra jou kop die kussing raak, sal jy nie uitgerus voel wanneer jy opstaan nie.

En as jou bedmaat kla dat jy snork nadat jy gedrink het, kan jy ook maar die alkohol blameer: alkohol veroorsaak dat die spiertjies agter in jou mond ontspan.

As jy baie gehad het om te drink, kan jy die volgende dag nog steeds die wettige alkohollimiet oorskry. Dit is omdat jou lewer slegs sekere hoeveelhede alkohol op ‘n slag kan afbreek. Behalwe dat jy verskriklik ruik, mag jy ook erg lyk en nog erger voel. Dit is omdat ‘n hewige drinksessie jou liggaam van die vitamiene en minerale beroof wat jy nodig het om goed te voel.

www.xtrapapers.com



www.PapaCambridge.com

For Examiner's Use

Gebruik die inligting en skryf 'n paragraaf van ongeveer 80 woorde oor die negatiewe gevo
te veel alkohol op die menslike liggaam het.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 8]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 3: Vraag 19**

# winterskool
# vir die kunste

*Vir wie is die Winterskool vir die Kunste?*

Gr. 10–12 leerders wat belangstel in kultuur en die kunste.

*Wat gaan jy alles beleef?*

Jy gaan professionele opvoerings sien, kunste-uitstappies beleef, pretgoed doen, baie dinge oor jou spesialiteitsgebied én, as dit jou keuse is, van ander kunsvorme leer en bááaie "social" …

*Wat gebeur alles?*
Daar is verskillende keuses:

**Vir die gr. 10's–12's wat sommer net die kunste wil geniet! (Kursusnommer: KW)**
Jy gaan onder andere die volgende dinge doen:
- musiek luister
- 'n kunswerk saam met jou medekursusgangers skep
- leer dans

**Vir die gr. 10's – 12's wat opleiding in 'n spesifieke rigting wil ontvang!**
Kies een van die onderstaande kursusse en berei jouself voor vir die toekoms:
- Ligte musiek – Sang (Kursusnommer: L1)
- Mode-ontwerp (Kursusnommer: L2)
- Toneelspel (Kursusnommer: L4)

Gebruik die volgende inligting om die inskrywingsvorm in te vul:

Jy is Marcello da Silva, 'n graad 11-leerling aan die Rundu Sekondêre Skool op Rundu in Namibië. Jou ma het toestemming gegee dat jy vir die eerste keer die Winterskool vir die Kunste mag bywoon, aangesien jy so geïnteresseerd is in die kunste in die algemeen, nie regtig net 'n spesifieke rigting nie. Jou adres is Posbus 345 en jou ma, wat by die bank op Rundu werk, kan telefonies gekontak word by die werk by 069 – 23234 of tuis by 25678. Sy het belowe dat sy vir jou die tjek vir die kursus sal gee sodra jy jou inskrywingsvorm voltooi het. Aangesien jy niemand in Bloemfontein ken nie, waar die kursus aangebied word, sal jy verblyf nodig hê. Onthou net om te noem dat jy vir eiers allergies is.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

For Examiner's Use

**INSKRYWINGSVORM**

Naam en van van kursusganger: ..........................................................................................

Graad: ....................................................... Geslag: .......................................................

Posadres: ....................................................................................................................

Tel: (.....................) ....................................(w/ouer) (.....................) ....................................(h)

Het jy al 'n vorige winterskool bygewoon? ...........................................................................

Indien wel, watter kursus het jy toe gevolg? .........................................................................

Watter kursus wil jy vanjaar volg? Kursusnommer ..................................................................

Het jy verblyf nodig? ..........................................................................................................

Spesiale versoeke rondom kos: ...........................................................................................

Hoe word die betaling gedoen? Merk asseblief met 'n regmerkie: Per tjek ☐

Per depositostrokie ☐

[Totaal : 6]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com




**Afdeling 3**

**Oefening 1: Vraag 20**

Jy het die volgende uitnodiging in die pos ontvang. Alhoewel jy báie graag die partytjie sou wou bywoon, is dit nie moontlik nie.
Skryf nou 'n brief van ongeveer 100 woorde aan Sally en maak verskoning. Onthou om te verduidelik waarom jy nie daar sal kan wees nie.

'n Adres bo-aan is nie nodig nie.



www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



*For Examiner's Use*

Beste ............................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

......................................................................................................................................

[Totaal : 9]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 2: Vraag 21**

Jy was op een van die onderstaande toere. Die organiseerders van Gazelle Toere en Safari's het jou gevra om 'n verslag aan jou skoolkoerant te skryf waarin jy vertel hoe dit was en wat julle gedoen het. Verduidelik wat die toer alles insluit. Sê ook waarom jy dink ander leerlinge ook op so 'n toer behoort te gaan.

Jou verslag moet ongeveer 150 woorde wees.

Onthou om dit van 'n titel te voorsien!



www.xtrapapers.com



www.PapaCambridge.com

*For Examiner's Use*

[Totaal : 12]

www.xtrapapers.com

www.PapaCambridge.com



BLANK PAGE